basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## 2022

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
   | AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
   | AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 45 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL EN GRAFIESE TEKS

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL



**JY KAN ENIGE IETS DOEN AS JY WIL**

1 Maria Davids (49) is 'n algemene werker by Laerskool Hendrik Louw in die Strand naby Kaapstad. Wanneer jy haar ontmoet, is dit moeilik om te glo dat sy al baie swaar gekry het.

2 Toe Maria klein was, het haar ouers omtrent elke drie maande getrek. Dan moes sy na 'n nuwe skool toe gaan. Toe sy eendag na skool by die huis kom, was die huis leeg en gesluit. Haar ouers het sonder haar getrek. Sy was sestien jaar oud en in graad 10. Maria het besluit om by haar ouma in Atlantis te gaan bly.

3 Na 'n paar maande het haar ouers haar by haar ouma gaan haal. Daar was nie 'n hoërskool waar hulle toe gebly het nie. Sy het by mense van hulle kerk in die Strand gebly en weer na haar ou skool toe gegaan.

4 Maria se ouers was aan alkohol verslaaf en het later geskei. Maria was die oudste en moes na haar vier susters kyk. Sy was toe in graad 11 en het die skool verlaat om te begin werk. Die maatskaplike werkers *(social workers)* het die twee jongste sussies by ander mense laat bly. Maria het na die twee oudstes gekyk.

5 Maria was baie jonk toe sy met Lewis getrou het. Lewis was 'n taxibestuurder. Kort na hulle troue was Lewis in 'n groot ongeluk. Hy het baie seergekry. Maria kon nie meer werk nie en moes hom versorg. Lewis moes weer leer om te loop en self te eet.

6 Lewis het wel beter geword, maar kon nie weer werk nie. Maria het lank gesukkel om weer werk te kry. Sy is uiteindelik by Laerskool Hendrik Louw aangestel. Sy werk nou al 13 jaar by die skool en die personeel is haar "familie".

7 Maria moes, vandat sy baie jonk was, vir haarself sorg. Dit was vir haar belangrik dat haar kinders 'n goeie opvoeding kry. Haar twee oudste dogters, Chantelle en Liezl, het albei in 2016 hulle skooljaar gedruip. Maria het haar bes gedoen om hulle te motiveer om die volgende jaar weer te probeer, maar hulle het moed opgegee.

8 Toe besluit Maria in 2018 om matriek sáám met haar dogters te doen. Hulle het aansoek gedoen om matriek as volwassenes *(adults)* te skryf. Hulle het nie die eerste keer matriek geslaag nie, maar Maria het twee vakke deurgekom.

9 Die personeel van Laerskool Hendrik Louw het haar baie gehelp met ou vraestelle en notas. In 2019 het Maria en haar dogters weer ingeskryf. Hulle het mekaar gehelp tot al drie in 2020 geslaag het. Maria was baie bly oor hulle goeie uitslae.



10 Maria, Chantelle (22) en Liezl (20) het uiteindelik hulle matrieksertifikate verwerf. Hiermee wou Maria vir Kaylynn (18), haar jongste wat toe nog matriek moes skryf, wys jy kan enige iets doen as jy regtig wil.

11 Maria wil baie graag verder studeer om 'n onderwyseres te word. Sy wil ander kinders help om hulle slegte omstandighede te verbeter. Maria vertel trots: "Die lewe was moeilik, maar ons het die regte pad gekies. Enige iets is moontlik as jy hard werk."

[Verwerk uit *Kuier*, 13 Mei 2021]

1.1 Waar werk Maria? (1)

1.2 Hoekom moes Maria as kind so baie van skool verander? (1)

1.3 Lees paragraaf 2.

1.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Maria se ouers was (onverantwoordelik/onvriendelik) teenoor haar. (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1. (1)

1.4 Maria het 'n ruk lank by haar ouma gaan bly.

1.4.1 Hoe oud was Maria toe sy by haar ouma gaan bly het? (1)

1.4.2 Waar het haar ouma gebly? (1)

1.5 Lees paragraaf 3.

Hoe weet ons dat daar ander mense was wat Maria gehelp het? (1)

1.6 Maria moes na haar susters kyk.

1.6.1 Hoekom moes Maria na haar susters kyk? Gee TWEE redes. (2)

1.6.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit het 'n (goeie/slegte) invloed op haar skoolgaan gehad. (1)

1.6.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.2. (1)

1.7 Nadat Maria en Lewis getroud is, was daar nie meer probleme in haar lewe nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.8 Hoe weet ons dat Maria gelukkig is by die skool waar sy werk? (1)

1.9 Maria en haar twee oudste dogters het saam matriek voltooi.

Kies 'n verduideliking in KOLOM B wat by 'n datum in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.5) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.9.1 | 2016 | A | Maria, Chantelle en Liezl het vir 'n tweede keer probeer om matriek te slaag. |
| 1.9.2 | 2017 | B | Maria se jongste dogter het matriek geslaag. |
| 1.9.3 | 2018 | C | Chantelle en Liezl wou nie verder skoolgaan nie. |
| 1.9.4 | 2019 | D | Maria se twee oudste dogters het op skool gedruip. |
| 1.9.5 | 2020 | E | Maria en haar twee oudste dogters het matriek geslaag. |
| | | F | Maria, Chantelle en Liezl het saam matriek geskryf, maar nie geslaag nie. |

(5 x 1) (5)

1.10 Hoekom kan 'n mens sê dat Maria 'n goeie rolmodel vir jongmense is? Gee TWEE redes. (2)

1.11 Lees die twee sinne hieronder.

(a) Maria se lewe draai om haar gesin.
(b) Maria wil van die wêreld 'n beter plek maak.

Watter sin, dink jy, pas die beste by paragraaf 11? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Nie almal wat vir matriek inskryf, slaag nie.


1.12.1 Hoe sou jý **voel** as jy probeer, maar nie matriek kan slaag nie? Skryf EEN woord neer. (1)

1.12.2 Motiveer die gevoel wat jy by VRAAG 1.12.1 neergeskryf het. (1)

1.13 Wat is die funksie van die foto's by hierdie teks? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit Buro van Arbeidstatistiek]

1.14 Die grafiek hierbo verwys na pryse wat styg.

1.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Al die items het (goedkoper/duurder) geword. (1)

1.14.2 Hoe kan jy dit visueel in die teks sien? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Kyk na lemoene en piesangs se prysstygings.

Uit die teks lei ons af dat alle vrugte met (dieselfde/verskillende) persentasies gestyg het. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die  stel (tegnologie/elektrisiteit) voor. (1)

1.17 Watter item se prys het met die hoogste persentasie gestyg? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

Die doel van hierdie visuele teks is om te wys ...

A watter items die meeste deur Suid-Afrikaners gebruik word.
B hoe sekere items se pryse in een jaar verander het.
C hoeveel mense hierdie items gebruik het.
D dat mense minder petrol moet gebruik. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: HOE OM ELEKTRISITEIT TE BESPAAR

Suid-Afrika sukkel om genoeg elektrisiteit vir al die mense te gee. Daarom is dit belangrik dat ons almal moet probeer om elektrisiteit te bespaar.

- Som in SEWE VOLSINNE op **hoe om elektrisiteit te bespaar**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

Elektriese toestelle gebruik elektrisiteit al is dit nie by die muur afgeskakel nie. 'n Mens kan dit gewoonlik sien as daar nog 'n liggie brand. Skakel toestelle by die muur af as jy dit nie gebruik nie.

Jy gebruik gewoonlik net soggens of saans warm water. Daarom moet jy die geiser gedurende die dag afskakel. Só spaar jy krag.

Hoe laer jy jou yskas se termostaat stel, hoe kouer word dit. Stel jou yskas se termostaat dus effens hoër, want dit sal steeds alles koel hou, maar minder elektrisiteit gebruik.

Party mense laat ligte onnodig brand as hulle nie in 'n vertrek is nie. Skakel die lig af wanneer jy uit 'n vertrek loop.

Gebruik jy 'n wasmasjien? Wag dan totdat daar baie vuil wasgoed is voordat jy die wasmasjien gebruik.

Kook net genoeg water in die ketel vir die hoeveelheid koppies tee wat jy wil maak. Dit is onnodig om te veel water te kook.

Dit mors elektrisiteit as jy 'n klein potjie op 'n groot stoofplaat gebruik. Gebruik die regte grootte stoofplaat vir die pot wat jy gebruik.

[Eie teks]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**



3.1 Wat doen die adverteerder om die leser se aandag na die opskrif te trek? (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2) neer.

Die adverteerder sê dat hierdie melk die **enigste** melk is wat jou 3x beskerm. Dit is 'n voorbeeld van ...

A beklemtoning.
B vooroordeel.
C denotasie.
D afleiding. (1)

3.3 Skryf EEN woord uit die advertensie neer wat by die hartjie  pas. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

**AANDAG ALLE MAMMAS ...**

Hierdie opskrif stereotipeer mammas, want dit gee die boodskap dat (net mammas melk koop/alle kinders van Clover-melk sal hou). (1)

3.5 "Dit sal hulle **superslim** maak."

Hoekom sal hierdie woorde mammas manipuleer om Clover-melk te koop? (1)

3.6 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

*Clover* suiwer die melk.

Begin só: Die melk ... (1)

3.7 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

(Min) bakterieë en beter kwaliteit. (1)

3.8 Gee die INTENSIEWE VORM van "skoon". (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.


As die melk kiem**vry** is, is daar (geen/min) kieme in die melk. (1)

3.10 Dink jy die koeistert saam met die bottel pas by hierdie melkadvertensie? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Zits*]

4.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1) neer.

Watter sin sal Ma gebruik as sy mooi vra dat Jeremy haar moet help? (RAAMPIE 1)

A Dek die tafel!
B Die tafel moet gedek word.
C Sal jy asseblief die tafel dek?
D Ek het gedink die tafel is klaar gedek. (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 2.

4.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wat Jeremy dink en doen, wys dat hy (nie regtig na sy ma luister nie/te moeg is om op te staan). (1)

4.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.2.1. (1)

4.3 Skryf die sin hieronder in die DIREKTE REDE om in RAAMPIE 3 te pas.

Ma sê dat sy 'n nuwe resep probeer het.

**Begin só:** Ek ... (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 2 en RAAMPIE 4.

Waarom is dit gepas dat Jeremy Engelse woorde gebruik? (1)

4.5 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. (RAAMPIE 5)

Gebruik die nuwe (tafel+doek). (1)

4.6 Kyk na RAAMPIE 6 en 7. In RAAMPIE 7 verander dit wat Jeremy sê en doen.

4.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In RAAMPIE 6 is Jeremy se woorde (simpatiek/sarkasties). (1)

4.6.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In RAAMPIE 7 is Jeremy (opgewonde/jammer) oor wat hy gesê het. (1)

4.7 Kyk na RAAMPIE 7.

Hoe weet 'n mens dat Ma nie hou van wat Jeremy gesê het nie? (1)

4.8 Hoe word tienerseuns in hierdie strokiesprent gestereotipeer? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**KYK MOOI NA JOU ORE EN GEHOOR *(hearing)***

(5.1.1) Kan jy dink hoe dit sal wees as jy nie meer kan hoor nie _

Jy luister elke dag (5.1.2) (...) mooi musiek. Of jy hoor iemand sê: "Ek is lief vir jou." Jou ore (5.1.3) (help/hulp) ook met jou balans. Selfs 'n klein (5.1.4) (fout) met jou ore kan probleme veroorsaak. 'n (5.1.5) (Vinnig) besoek aan die dokter is soms nodig.

Jou ore maak (5.1.6) (hulleself/julleself) skoon. As jy (5.1.7) (was) in jou ore sien, kan jy dit met 'n lap afvee. (5.1.8) (Jy mag iets in jou ore druk.) (5.1.9) (Dit beskadig jou ore).

Jy moet gereeld jou ore laat toets. Dan kan dokters jou (5.1.10) (dadelik) behandel as daar iets verkeerd is.

(5.1.11) Dis nadelig (na harde musiek luister). (5.1.12) Hou die volume laag. Moet dit nie (5.1.13) (laer) as 60% stel nie. Moenie langer as 60 (5.1.14) (minute) per dag luister nie.

Jou ore slaap nooit nie; daarom moet jy dit oppas.

[Verwerk uit *Kuier*, 4 Maart 2020]

5.1.1 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in die sin hieronder in.

Kan jy dink hoe dit sal wees as jy nie meer kan hoor nie _ (1)

5.1.2 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Jy luister elke dag (...) mooi musiek. (1)

5.1.3 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Jou ore (help/hulp) ook met jou balans. (1)

5.1.4 Gee die VERKLEINWOORD van "fout". (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

'n (Vinnig) besoek aan die dokter is soms nodig. (1)

5.1.6 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Jou ore maak (hulleself/julleself) skoon. (1)

5.1.7 Gebruik die HOMONIEM van "was" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.8 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Jy mag iets in jou ore druk. (1)

5.1.9 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Dit beskadig jou ore. (1)

5.1.10 Verdeel die woord tussen hakies volledig in LETTERGREPE.

Dan kan dokters jou (dadelik) behandel as daar iets verkeerd is. (1)

5.1.11 Skryf die sin in die INFINITIEF.

Dis nadelig (na harde musiek luister). (1)

5.1.12 Skryf die sin oor en begin soos aangedui.

Hou die volume laag.

Begin só: Jy moet ... (1)


5.1.13 Gee die ANTONIEM van "laer". (1)

5.1.14 Gee die AFKORTING van "minute". (1)

5.2 Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**

Dit is Oupa se verjaarsdag. Almal is gelukkig, want hulle weet hulle gaan lekker eet en kuier.




[Uit: *Lewensoriëntering, Gr. 8*]

5.2.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Oupa het (gelede/verlede) week verjaar. (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE Afrikaans vir die woord tussen hakies.

Ouma het vir Oupa 'n *(delicious)* koek gebak. (1)

5.2.3 Skryf die sin hieronder oor en verbeter die WOORDORDE.

Almal wag (om die tafel) (vandag) (opgewonde). (1)

5.2.4 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Daar staan 'n paar (glase/glaase) op die tafel. (1)

5.2.5 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.

'n Mens het 'n ... nodig om die koek te sny. (1)

5.2.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Daar is (piesangs, appels en druiwe) in die bak. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**